Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 4, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Monumente en Gedenktekens/Monuments and Memorials
# DIE EXERCE PERFECTIONI STANDBEELD

Op 12 Desember 1980 het die Stadsraad van Oudtshoorn die EXERCE PERFECTIONI Standbeeld aan die Infanterieskool oorhandig. Die beeld dien nie alleenlik as versiering by die hoofingang van die Infanterieskool in Parkweg nie, maar simboliseer ook die volgende:

(a) Die Beeld dien as simbool en bewys van die hegte bande van vriendskap en samewerking tussen die Infanteriskool en die gemeenskap van Oudtshoorn.
(b) Die Beeld is ook simbool van die Juniorleier wat by die Infanteriskool opgelei word. Dit beeld die juniorleier uit wat sy volgelinge motiveer deur voorbeeld en daad.
(c) Die Swartbergrots waarop die beeld gemonteer is, is simbolies van die sterk en waardevolle fondament van die "erwe van ons vadere". Dit is ons dure plig om voort te bou op dié fondament.
(d) Die plasing van die Beeld by die hoofingang is simbool van die reeds opgeleide juniorleier op pad uit met sy gevegsuitrusting en geestelike wapenrusting om 'n taak en opdrag uit te voer. Die Infanterieskool bied aan die juniorleier 'n vertrekpunt vir sy toekoms. Hier is hy opgelei om as volwaardige landsburger en Christenmens vir sy land en volk in die stryd te tree en 'n voorbeeld te stel.

Die beeld is deur die Minister van Verdediging, sy Edele genl M.A. de M. Malan onthul tydens die Voorstellingsparade van die Januarie 1980-inname juniorleiergroep.

